STERRETJIE

Dagsê!

En het Gortopaan darem nie lekker gekry die afgelope naweek nie! Eerstens omdat die Bokke weer soos van ouds gespeel het, en die arme Kangeroes mooi gewys het hoe rugby eintlik gespeel moet word. En dan het die Gespikkelde Katte van die Stad van Rose natuurlik vir nog ‘n groot lekkerkry gesorg toe hulle die Blou Bulle(?) ‘n ordentlike pak slae gegee het. Die heel lekkerste was natuurlik toe die manne van die Kaap die Haaie op hul tuisveld ‘n ding of twee gewys het. In Engeland het die Witbeentjies nog verder plersier verskaf toe hulle die reeks om die As gewen het. Dis seker nou nie mooi nie, maar dis vir Gortopaan diep lekker as iemand wat ‘n geel trui met ‘n springende dierasie daarop dra, verloor.
Dan het ons kore uitstekend geklink tydens hul optredes en “Die Braaiboud” en Die trane die rol oor jou bokkie” het die lagtrane regtig laat loop.
Die jaar is op volspoed oppad na sy einde. Kan jy glo dat die graad 12’s al besig is met hul voorbereidende eksamen? As dit eers gebeur, dan is die jaar so te sê op ‘n einde. Hoop u geniet die Sterretjie, en neem weer kennis van al die mooi prestasies van ons kinders.

Tonge klap in Vryburg.

Verlede week het 2 van ons hoërskoolleerders aan die Area Projek Kantoor se “Speech Contest” gaan deelneem. Hulle het teen die hele gebied se leerders deelgeneem en dit nogal in Engels! Maar, soos ons al ons leerders ken, skrik hulle nie maklik nie. Carina Cilliers en Amanda Roets het hul man behoorlik gestaan en hul verower die eerste en tweede plekke onderskeidelik in die “Speech Contest”. Baie geluk aan die twee en aan Mnr Alby Nel wat die afrigtingswerk gedoen het. Hulle moet nou verder gaan deelneem, baie sterkte en baie geluk. Julle maak ons trots.

Carina Cilliers en Amanda Roets wat die “Speech Contest” van hierdie area gewen het.

Laerskool krieket seëvier

Ons o/13-span het na Vryburg gegaan om daar teen die o/13-span van Stellaland te gaan speel. Hulle wen die loot en kolf eerste. Ons boulers se visiere was goed ingestel en ons boul hulle uit vir 89 lopies. Die manne wat sukses behaal het, was Danie Maree met 2 vir 8 in 4, Maghiel le Roux met 1 vir 9 in 4, Leon Vorster neem 2 vir 10 in 4 en CJ Steyn neem 2 vir 8 in 3 beurte. Die Wessels susters het ook na die partytjie gekom en Deidrè neem 1 vir 10 in 3 en Welmarie se syfers is 1 vir 11 in 3 beurte.
Toe ons gaan kolf, het dit sommer voor die wind gegaan. Ons steek hul totaal in die 13de beurt verby met Danie Maree wat 53nun aanteken.

Spelers van die wedstryd teen Stellaland B; Danie Maree en CJ Steyn[o/13]

Speler van die wedstryd teen Stellaland B : Fanie Wessels [o/11]

Maghiel le Roux kry 6, Leon Vorster kry 13 nun en Jay Jay Storm teken 17 lopies nun aan. Ons wen die wedstryd met 9 paaltjies. Speler van die wedstryd is Danie Maree en CJ Steyn.
Die o/11's speel gasheer vir Stellaland se o/11B-span. Stellaland kolf ook hier eerste, maar ons boulers saai behoorlik verwoesting. Fanie Wessels was in 'n verwoestende bui. Hy neem 5 paaltjies vir 6 lopies in \3 beurte. Ruaan Kruger neem 2 vir 8 in 2, Pieter Bezuidenhout kry 2 vir 7 in 5 en Bernard van Zyl kry 1 vir 1 in 1 beurt. Pieter Wiid het skitterend geboul, maar kon ongelukkig nie 'n paaltjie in oes nie. Sy syfers is 0 vir 2 in 3 beurte. Met die kolf het dit egter nie so voorspoedig gegaan nie. Ons steek egter hul totaal redelik gou verby en wen die wedstryd met 6 paaltjies. Schalk Fourie kry 5 lopies, Dirk Cilliers teken 10 aan, Marthinus Strydom en Fanie Wessels kry 4 elk. Pieter Wiid en Pieter Bezuidenhout teken 10 nun onderskeidelik aan. Speler van die wedstryd is Fanie Wessels.

Kolwe klap teen Wollies.

Noppie Jacobs : Speler van die wedstryd teen Wolmaransstad.

Die o/18-span het na Wollies gery om daar hul staal teen die mielieboere te gaan wys. Wollies wen die loot en kolf eerste. Hulle teken 134 lopies in 25 beurte aan. Ons boulers het baie mooi geboul. Noppie Jacobs laat 4 stokke kantel vir 26 lopies in 6 beurte. Gerrit Mentz neem 2 vir 26 in 6 beurte, SJ Fourie neem 2 vir 22 in 3, Tiaan Nel kry 1 vir 2 in 1 beurt en Conrad Mentz kry 1 paaltjie vir 1 bal sonder dat hy 'n lopie afgestaan het. Toe gaan kolf ons en een man was in 'n verwoestende bui. Noppie Jacobs teken 75 lopies van slegs 33 balle aan, en saam met hom was Jandrè de Wet met 22 van 13 balle. Ons steek Wollies se totaal in die 12de beurt verby en wen dus die wedstryd met 8 paaltjies. Die speler van die wedstryd is Noppie Jacobs.

Tennis sluit op hoë noot af.

Welmarie Wessels : Speler van die dag teen Stellaland vir tennis.

Verlede Maandag het Laerskool Stellaland hier op ons bane kom kragte meet met ons laerskool se tennisspanne. Die 1ste en 2de seunspan, sowel as die 2de dogterspan wen en die 1ste dogterspan verloor met net 2 stelle. Die uitblinker vir die dogters was Welmarie Wessels wat al haar wedstryde wen.

By die seuns het Maghiel le Roux, Pieter Wiid en Johan Cilliers koning gekraai. Baie geluk aan die spanne en juffrou Martie. Dis mos baie goeie nuus as ons Vryburg met die kous oor die kop kan huistoe stuur.

Seuns tennisspan spelers van die dag – Stellaland : Maghiel le Roux, Johan Cilliers, Pieter Wiid.

Kore laat note lewe.

Soos Gortopaan nou al gewoond geraak het, het juffrou Marlene en juffrou Hanri weer hier van Julie af die kore gedruk dat die sweet hul aftap. Maar, dit was die moeite werd. Na 'n redelike debakel oor kaartjies by die Vryburg Koorfees, het net die hoërskoolkoor daar gaan deelneem. Gortopaan het van so ver as Hartswater verneem hoe mooi die koor gesing het en dan is daar veral melding gemaak van die 3 manne wat solo gesing het.
Ek wil my verstout om te sê dat dit baie lank laas gebeur het dat al die soliste in die koor seuns was. Gortopaan hoop dit dien as aansporing vir die ander seuns. Baie geluk aan die koormeesters en die kore. Dis lekker om sulke terugvoer te kry. Die Grondslagfase koor en die Laerskoolkoor het tydens die konsertaand hier plaaslik opgetree. Dit was regtig iets om aan te hoor!

Die Hoërskoolkoor was in aksie tydens die koorfees en tydens die hoërskooltoneelopvoering

Die Grondslagfase se koor het die mense laat skater met al die snaakse bewegings en hul soet stemmetjies.

Die grondslagfasekoor het talle laat skater.

Lekker ou Jan en Andrè, saam met die Laerskoolkoor het baie mammas na snesies laat gryp, so mooi was dit.
Baie dankie aan juffroue Marlene en Hanri vir al die ure se oefen en afrigting. Ook aan die koorlede dat julle so getrou geoefen het. Dis sommer bak!

Die koor van die Laerskoolafdeling maak keel behoorlik skoon.

Toneel op die planke.

Donderdag, 27 Augustus, was sommer ‘n groot aand. Op hierdie aand het die hoërskoolafdeling 2 eenbedrywe op die planke gebring. “Die trane rol oor jou bokkie” en “Die Braaiboud” het ‘n baie mooi gehoor aan die skater gehad. Dit was ‘n aand so uit die verlede, lekker toneel en koorsang.

Die trane rol! Vlnr : Marizaan Bester, Arina Joubert, Cecilia Burger, Jana van Rensburg.

Jana van Rensburg vlug vir die Primaria in “Die trane rol”.

Baie dankie aan die leerders wat deelgeneem het. Julle het baie middae opgeoffer om die geleentheid ‘n sukses te maak. Baie dankie aan juffrou Alta vir al haar moeite.

Soms wou-wou sy moedeloos raak, maar eind goed,alles goed. Charlize Theron sal haar sokkies moet optrek. Hier is ‘n paar akteurs/aktrises wat in haar voetspore gaan volg.

In Braaiboud het Johan Cilliers en Amanda Roets hul rolle met oortuiging vertolk.

Die Braaiboud se spelers : voor vlnr : Amanda Roets, Johan Cilliers, Johani Fleetwood, Pieter-Jan Storm. Agter vlnr : Ashton Crafford[verhoogbestuurder], Corlia Labuschagne {souffleuse], Janet du Toit, Ilene Vermeulen [souffleuse]

Delareyville kyk op hul neuse!

Spelers van die wedstryd teen Delareyville o/13: Danie Maree, Maghiel le Roux, Johan Cilliers, Jay Jay Storm.

In die derde ligawedstryd van die jaar het ons twee laerskoolspanne hul stem behoorlik dik gemaak. Die o/13's is Delareyville toe. Delarey het ons die vorige 4 jaar behoorlik laat les opsê, maar hierdie jaar is die bordjies verhang. Ons wen die loot en gaan kolf.

Danie Maree is in 'n gevaarlike bui. Hy kolf byna die hele beurt en teken 106 lopies aan. Dis die eerste keer in die afgelope 5 jaar dat 'n honderdtal in die laerskoolafdeling aangeteken word. Pragtig Daan, hou so aan.

Johan Cilliers kry 20, Maghiel le Roux kry 9 en Jonathan Beck dra 5 lopies by. Ons bereik die mooi totaal van 168 in ons 30 beurte. Met die boulslag was die span net so op dreef. Binne 17 beurte is die hele Delareyville span uitgeboul vir 'n skamele 56 lopies. Ons wen dus die wedstryd met 112 lopies.

Manne wat goed gevaar het met die bal is: Danie Maree neem 1 vir 12 in 2 beurte, Maghiel le Roux laat 3 paaltjies kantel vir 15 lopies in 4 beurte, Johan Cilliers boul 6 beurte, neem 3 paaltjies en staan 18 lopies af. Leon Vorster neem 1 paaltjie in 3 beurte vir 6 lopies. Jay Jay Storm was self soos 'n wafferse Mark Boucher agter die paaltjies. Spelers van die wedstryd is Daie Maree, Maghiel le Roux, Johan Cilliers en Jay Jay Storm.

Die o/11's het self vir Delareyville onder die stof geloop. Aan die begin van ons kolfbeurt het die gelyk of ons nie eens 20 lopies gaan aanteken nie, maar die stertkantkolwers het mooi vasgeskop, en ons teken 86 lopies in 22 beurte aan. Bernard van Zyl kry 12 lopies, Juan Craill kry 9 en Ruaan Kruger teken 17 nun aan. Met die bal in die hand het dit heelwat beter gegaan. Dirk Cilliers neem 4 paaltjies, Francois Crafford neem 3, Pieter Wiid laat 2 pale kantel en Ruaan Kruger is verantwoordelik vir 1 man wat terug is pawiljoen toe. Ons boul almal uit vir 72 lopies en wen die wedstryd met 14 lopies. Speler van die wedstryd is Dirk Cilliers en Bernard van Zyl. Baie geluk aan die 2 spanne.

o/11 spelers van die wedstryd teen Delareyville: Bernard van Zyl, Dirk Cilliers.

Mini-hokkie skitter in Burgersdorp.

Ingenette Scheepers en Keletso Monamudi – Spelers van die dag vir Graad 1+2 en Graad 3 onderskeidelik – Burgersdorp.

Op 22 Augustus het die mini-hokkie spanne op Burgersdorp aan 'n mini-hokkie karnaval gaan deelneem. Vroeg more is die span met 'n groot gedruis weg. Die graad 1 en 2 span speel pragtig. Hulle speel gelykop teen Lichtenburg met 0 elk, en hulle wen Burgersdorp met 1-0. Ingenette Scheepers is die speler van die dag. Die klein meisiekind kan 'n hokkiestok swaai hoor! Die graad 3 span het baie mooi probeer. Hulle verloor 0-3 teen Lichtenburg en speel gelykop teen Sannieshof met 1 elk. Die juffrou van Lichtenburg kon nie glo ons span speel nou maar in hul tweede toernooi nie, so mooi het hulle gespeel.

Die speler van die dag is Keletso Monamudi. Die graad 4-span het amper juffrou Marilize se hart laat staan. Nou nie van senuweeagtigheid nie, maar van trots. Hulle speel gelykop teen Stellaland met geen doele aangeteken nie, wen vir Burgersdorp 1-0 en speel met 0 elk gelykop teen Lichtenburg.

Die speler van die dag is Lianka Liebenberg. Stella se ondersteuners was verseker die raserigste en geesdriftigste van almal, maar ongelukkig kon ons nie die geesbeker huis toe bring nie. Daar was "pom-pom girls", die werke! Baie geluk aan die spannetjies en juffrou Marilize.

Lianka Liebenberg - speler van die dag

Lianka Liebenberg – speler van die dag vir Graad 4 – Burgersdorp.

Oud-skolier presteer.

Sterretjie het in die afgelope tyd verneem dat nog een van ons oud skoliere baie mooi presteer in hul studie. Jaco van der Linde is ook genooi om by die “Golden Key” aan te sluit. Dit beteken hy was een die boonste 15% akademiese presteerders aan die UV. Baie geluk Jaco; dis baie gaaf dat jy die manne se naam op die gebied hoog hou.

Jaco van der Linde - Golden Key vir akademiese prestasie.

o/15’s swoeg teen Wollies.

Die o/15-span het so week of wat gelede kragte met Wolmaransstad gemeet hier op ons veld. Dit was egter ‘n redelike rampspoedige dag. Ons word almal uitgeboul vir 56 lopies. Die groot uitblinker met die kolf was SJ Fourie met 25 lopies. Hy was ook die enigste bouler wat sukses behaal het en neem 1 paaltjie vir 27 lopies in 4 beurte. Ons verloor die wedstryd met 9 paaltjies. SJ is dan ook die speler van die wedstryd. Baie geluk SJ. Hou so aan.

SJ Fourie was speller van die wedstryd teen Wollies. 0/15

Fotoblad in wording.

Soos Sterretjie se lesers seker al verneem het, is die skool besig om ‘n fotoblad saam te stel. Mnr Christo is aan die stuur van die onderneming. Die foto’s vir die blad, sowel as die foto’s wat jaarliks geneem word, word op 22 en 23 September geneem. Die lys van foto’s sal volgende Vrydag uitgestuur word. Ons vra dat ouers asseblief sal sorg dat die leerders die regte klere sal saambring vir die foto’s. As iemand nie die regte klere het nie, sal hy/sy ongelukkig nie afgeneem kan word nie. Indien ouers of leerders sosiale of skoolverwante foto’s het, kan u dit skool toe stuur vir plasing in die fotoblad. As daar iemand is wat advertensies wil plaas, of ‘n bladsy borg teen R100 per blad, kontak die skool asseblief. As u meer inligting oor die blad of foto’s en pryse wil hê, kan u gerus vir mnr. Christo kontak by 0828728395.

NW Platteland weet van Stella!

Na afloop van die laaste rondte krieketproewe vir Noordwes Platteland is 4 van ons leerders in die spanne opgeneem. (vlnr) Janna van der Linde is vir die o/15-span gekies. Die o/18-insluiting van Rudi Nel, Gerrit Mentz en Jandrè de Wet. Baie geluk aan die 4 manne. Ons is trots op julle.

Ouervergadering.
Sterretjie wil net graag ons ouers herinner aan die ouervergadering wat eerskomende **Maandag**, **7 September** om **07:45 in die OSOB saal** sal plaasvind. Dit is baie belangrik dat u die vergadering sal bywoon, want op die manier kan u sorg dat dinge by die verloop soos wat u dit graag sou wou hê.

Gortopaan hoop dat Die Bokke weer die Aussies se sterte gaan knoop. Dan sal ietsie vloeibaar, soos koffie, moet neem, want dan is die Drienasie Reeks ons s'n. Hoop u geniet die naweek saam met u kinders. Onthou, die komende week begin die en toetsreeks weer. Moenie die boeke te ver bêre hierdie naweek nie.

Langenhoven sê die volgende: Moenie jou vriend vergeet nie, dit sal hom seermaak. Maak jou vyande daarmee seer.

Mooi loop.

Gortopaan.